

DIE VAN HOYTEMA-SKANDAAL

J. Haasbroek

In 1894 het een van die onaangenaamste gebeure in die geskiedenis van die administrasie van die Vrystaatse regering, naamlik die Van Hoytema-geval, plaasgevind. Dominicus N. Renaud van Hoytema was vanaf 1879 die getroue en bekwame sekretaris van die Volksraad en 'n gerespekteerde en gewilde persoonlikheid in die Volksraad en die Vrystaatse gemeenskap. Inmiddels was hy die sekretaris en penningmeester van die Algemene Kommissie van Publieke Eksaminatore in Lettere en Wetenskap wat onder meer in beheer gestaan het van die eksamens op onderwys- en regsgebied. Van Hoytema het by geleentheid as waarnemende posmeester-generaal en ouditeur-generaal gedien, terwyl hy sekretarisen later voorsitter van die bekende Bloemfontein Klub was wat in 1881 gestig is. Hy was ook 'n komiteelid van die Nasionale Museum in Bloemfontein.

Dit was juis as penningmeester van die Kommissie van Eksaminatore dat hy die misstap begaan het. Hy het sowat £450 (R900) van 'n beursfonds vir hom toegeëin sonder om die Kommissie daarvan te verwittig. Nadat die ouditeure van die Kommissie dit agtergekom het en Van Hoytema daarmee gekonfronteer het, het hy onmiddellik die geld met rente terugbetaal. Die Kommissie, waarin onder andere drie regters gedien het, het die gebeure as 'n siviele saak beskou, Van Hoytema afgedank en in die saak berus. Die staatsprokureur, R. Gregorowski, wat ook in die Kommissie gedien het, was egter nie tevrede met die toedrag van sake nie. Op 4 Junie 1894 is 'n skrywe van Gregorowski voor die Volksraad gelê. Daarin het hy die wangedrag van Van Hoytema, wat hy as kriminele saak beskou het, bekend gemaak.

Vir die eerste keer sedert 1887 het die Volksraad agter geslote deure vergader om die aangeleentheid te bespreek. Daar is besluit om Van Hoytema tydelik as sekretaris van die Volksraad te ontslaan totdat hy hom kon suiwer van die aantygings van geldverduistering wat deur die staatsprokureur teen hom ingebring is. Op 7 Junie 1894 het 'n verweerskrif van Van Hoytema voor die Raad gedien waarin hy beweer

het dat hy die geld te goeder trou en met geen misdadige oogmerk nie geneem het. Hy het die geld as 'n lening teen 'n vasgestelde rentekoers beskou en was gereed om dit terug te betaal die oomblik wanneer dit benodig word en wat hy wel gedoen het. Nietemin het hy verklaar dat hy beseft dat hy verkeerd gehandel het. Van Hoytema het 'n ernstige pleidooi tot die Volksraad gerig om hom weer in sy pos aan te stel. Nog eens het die Raad agter geslote deure vergader, maar toe die saak op 12 Junie opnuut te berde gebring word, het die Volksraad die geheimhouding opgehef, aangesien die publiek reeds deeglik van die skandaal bewus was. Raadslid J.H. van Niekerk het daarop gewys dat hy na die eerste geheime



*D.N.R. van Hoytema
Sekretaris van die Vrystaatse Volksraad
1879-1894*



R. Gregorowski
Vrystaatse staatsprokureur
1892-1894

sitting tydens 'n treinrit na Jacobsdal deur 'n lid van die publiek meer oor die saak ingelig is as wat hy self in daardie stadium daarvan geweet het. "Alhoewel de zaak met gesloten deuren is behandeld, is alles echter secret de la comedie en ware het dus veel beter om het geheim maar op te heffen", het die Bloemfonteinse koerant, *De Burger*, op 9 Junie ook sy standpunt gehuldig.

Die Van Hoytema-kwessie was deurgaans vir die Volksraadslede 'n "pijnlike en smartelijke zaak" as gevolg van die noue vriendskapsband wat hulle met die sekretaris gehandhaaf het. Gregorowski het in sy eerste verslag aan die Volksraad daarop gedui dat hy by die pleeg van 'n misdadig volgens wet verplig is om te prosedeer wanneer daar genoegsame bewyse is. Op 12 Junie het hy egter 'n tweede verslag aan die Raad voorgelê waarin hy te kenne gegee het dat hy gewoonlik nooit die inisiatief neem om te prosedeer nie alvorens hy daartoe gelas word. Aangesien die sekretaris deur die Volksraad aangestel word, verwag hy instruksies van die

Raad wat hom in die Van Hoytema-geval te doen staan.

Hierdie teenstrydige verklarings van Gregorowski het die Volksraadslede verwar. Die kwessie oor wie die wiele aan die rol moes sit om te prosedeer het lang en deurdringende besprekings in die Raad uitgelok. Die meeste Raadslede was egter van mening dat die saak in die eerste plek nie in die Volksraad tuis hoort nie en dat die onus op die staatsprokureur berus om te prosedeer. Die staatsprokureur is immers die hoofvervolger en regsadviseur van die regering en derhalwe is dit ongewens vir die Volksraad om vir die staatsprokureur voor te skryf wat sy handeling in strafsake moet wees. "Maar goede hemel!" het *De Burger* die staatsprokureur se optrede bevroegteken, "wat moet men nu denken wanneer zulk een voornaam outoriteit in de rechtsgeleerdheid naar de wetgeving gaat en daar om instructies vraagt?" Raadslid J.P. Janse het verontwaardig opgemerk dat hy in die Volksraad dien om wette te maak, maar nou word daar van hom verwag om as jurie, regter en publieke aanklaer op te tree. Enkele lede was ook van mening dat Gregorowski as gevolg van die sensitiwiteit van die saak sy plig probeer ontduik deur die saak op die Raad af te skuif.

Aangesien van Hoytema self erken het dat hy gefouteer het deur die fondse sonder die wete van die Kommissie te neem, kon hy hom nie verontskuldig nie. Op voorstel van C.H. Wessels het die Volksraad ten einde laaste besluit om Van Hoytema as sekretaris te ontslaan, terwyl die Raad hom nie kon verenig met die beskouing van die staatsprokureur dat hy nie verplig is om te prosedeer wanneer hy nie daartoe gelas word nie. Die saak is na die Uitvoerende Raad verwys om na gelang van omstandighede te handel.

Die feit dat die Kommissie van Eksaminatore, waar die wandaad plaasgevind het, nie 'n klag gelê het nie en die aangeleentheid as 'n siviele saak beredder het, het waarskynlik die deurslag gegee waarom Van Hoytema nie vervolgd is nie. Na die Volksraad se finale besluit oor die Van Hoytema-geval het die saak doodgeloop en dit blyk dat hy later na Transvaal uitgewyk het.



BIBLIOGRAFIE

De Burger, 9, 13, 16 en 20 Junie 1894.

De Express, 15 en 19 Junie 1894.

The Friend, 5 en 15 Junie 1894.

Vrystaatse Argeefbewaarplek: GS 383, 1894, pp. 103-108
Volksraadsnotule OVS, 1894